# Die MATIE

SEWENTIGSTE JAARGANG | NO 9 **WOENSDAG 20 APRIL 2011** GRATIS OP KAMPUS VERSPREI








**NUUS** Eendrag oorweeg onttrekking van JOOL 2012 **2**



**STUDENTELEWE** Kaalvoetdag samel 260 pare skoene in **8**

**DAG EN NAG** Van Niekerk se Anastasia W nuwe protesteater **9**

**SPORT** Simonsberg lose against Patria from NWU-Pukke **15**

**KWYTRAAK** Murray – La Dolce Vita **14**







**STRIKE A ROCK** Irene women's residence initiated a march against the abuse of women on Friday 15 April at 13:00 on the Rooiplein in reaction to the rape of Irene's door guard in February. **Photo: MENAN VAN HEERDEN**

# Negotiations with SASCO successful

**ANIKA MARAIS**

THE South African Students' Congress (SASCO) of the African National Congress (ANC) decided not to launch without the consent of the Stellenbosch University (SU) Societies' Council (SC) on 9 April.

Negotiations between SASCO, the Student Representative Council (SRC) and the Student Court commenced on 6 April.

The previous edition of *Die Matie* (06/04/11) reported that the Student Court did not approve SASCO's initial constitution. SASCO planned to launch on 9 April regardless of whether they had SC consent or not.

According to Sandile Ngobeni, branch secretary: SASCO, SASCO readmitted their constitution to the Student Court. "It is now in their hands." He added that SASCO only had to make minor changes in their constitution. "We needed to clarify certain positions."


Ngobeni admits that although not all the members of the Stellenbosch branch of SASCO are happy with the decision not to launch, he is extremely happy with the negotiations.

"It could have been extremely explosive. We had to make a compromise. In the end the voice of reason [persevered]. The Dean [dr Llewellyn MacMaster] should also be applauded for his excellent facilitation effort."

Crischelle Hanekom, chair: Societies' Council, is also very pleased with the negotiations thus far. "The animosity [between SASCO and the SC] was mostly due to misunderstandings."

She added that she talked to Ngobeni after the negotiations and that she believes they will work together very well in the future.

The Stellenbosch branch of SASCO hopes to launch on 30 April, after registering with the SC.



Einde van 'doellose studentepret'

# Soen in die Laan gekanselleer

**ANIKA MARAIS**

Ná oorweging het die Universiteit Stellenbosch (US) se Studenteraad (SR) besluit om Soen in die Laan vanjaar te kanselleer.

Ilizna Estherhuyse, SR-lid: Visuele Bestuurder en *Matie*Wees, verduidelik dat die SR die fokus van "doellose studentepret na studentepret met 'n duidelike oogmerk" wil verskuif.

Sy voeg by dat die SR eerder vanjaar tydens die ABSA-Matieweek wil fokus op projekte soos Maties-Talent en gemeenskapsprojekte wat kultuur en talent bevorder en wat 'n bydrae tot minderbevoorregte studente se lewens maak.

Volgens Estherhuyse het die SR gesprekke met mede-studente en SR-lede geïnisieer en die finansiële implikasies oorweeg voor daar finaal oor dié aangeleentheid besluit is.

Estherhuyse beklemtoon dat Soen in die Laan nie 'n tradisie is nie.

"Dit is drie jaar gelede vir die eerste keer gereël en die doelwit was om in die *Guinness Book of Records* te kom vir die meeste mense wat gelyk soen."

**"Dit is drie jaar gelede vir die eerste keer gereël en die doelwit was om in die *Guinness Book of Records* te kom"**

Dié poging was onsuksesvol, maar die geleentheid het daarna steeds aangehou sonder om weer die rekord te probeer breek. "Die vraag is wat 'n mens daarmee wil bereik en waarom dit moet voortgaan," het Estherhuyse gesê.

Estherhuyse voeg verder by dat die SR 2010/2011 se slagspreuk "Dare To" 'n duidelike aanduiding is dat dié SR kritiese denke hoog ag.

"Kritiese denke is nie net belangrik in portefeuljes wat hoofsaaklik verteenwoordigend van aard is nie, maar ook in portefeuljes wat administratief-georiënteerd is soos *Matie*Wees en Kultuur.

"Ons glo dat 'n mens nie bloot projekte of funksies moet dupliseer net omdat dit vorige jare ook só gedoen is nie."

Estherhuyse maak dit egter duidelik dat dit nie vanjaar die eerste keer is wat projekte of funksies van die ABSA-Matieweek verwyder word nie. Sy noem byvoorbeeld die Interkoshuis-Fietstoer, die Hoed-kompetisie en die Sokkie-kompetisie wat nie meer aangebied word nie.

Volgens Etienne Esterhuyse, voormalige SR-lid: MatieTrots, wat verlede jaar Soen in die Laan georganiseer het, is dit 'n groot teleurstelling dat dié geleentheid gekanselleer is.

"Ek stem nie saam dat dit gekanselleer word nie. Dit is 'n lekker samekoms van studente vir onskuldige pret."

Hy voeg egter by dat hy verstaan dat die finansiering van dié geleentheid doelloos is, maar dat borge gebruik kan word om met die finansiering te help.

"Soen in die Laan was 'n geleentheid waar studente van alle geslagte, rasse en seksuele oriëntasies in 'n groot groep iets kon doen," het hy bygevoeg.

Lidia Rauch, prim: Sonop, sê Soen in die Laan "het nie noodwendig 'n spesifieke doel nie, maar dit is 'n lekker *event* en daar is baie goed wat studente doen wat nie noodwendig 'n doel het nie".

Elmarie de Vos, prim: Nerina, stem nie noodwendig saam met die SR se besluit nie. "As dit is omdat daar allerhande siektes en goed gaan uitbreek verstaan ek, maar ek dink dit is regtig 'n unieke tradisie eie aan Stellenbosch. Dié geleentheid beskadig niemand nie."

Peter September, prim: Aurora, het nog nooit Soen in die Laan bygewoon nie. "Ek dink nie dit gaan kampuskultuur wegneem nie. Kampuskultuur moet elke dag heroorweeg word sodat dit relevant bly."

Volgens Naomi Bruwer, projekleier: Maties-Talent, verstaan sy waarom Soen in die Laan afgestel is.

"Ek voel Soen in die Laan was 'n baie goeie geleentheid om eenheid te bou op kampus. Dit gaan ongelukkig oor geld en logistieke probleme. Soen in die Laan was 'n onnodige uitgawe en die SR wil meer fokus op gemeenskapsbevordering."

Bruwer noem dat die SR oorweeg het om Soen in die Laan na die Rooiplein te skuif, "maar dan is daar weer probleme in terme van kontrole en drank".

Sy voeg by dat Estherhuyse alles gedoen het om die geleentheid te red. "Dis hartseer, maar somtyds moet 'n mens na die groter prentjie kyk en kan 'n mens nie vasklou aan iets wat nie uitwerk nie".

Ander aktiwiteite tydens die ABSA-MatieWeek sluit Maties-Talent, Middagete-op-die-Rooiplein, Wynproe-op-die-Rooiplein, *Enduro Challenge* en *Street Soccer* in.

Estherhuyse noem dat die oudisierondtes vir Maties-Talent reeds op 11 en 12 Mei gaan plaasvind. Inskryfvorms is by die SR-kantoor beskikbaar. Vir meer inligting, kontak naomib@sun.ac.za of ilizna@sun.ac.za. Inskryfvorms moet reeds teen 6 Mei ingehandig word. Die semi-finale rondte gaan op 20 Julie in die Neelsie-Gat plaasvind, waarna die finale op 28 Julie in die Endler gaan plaasvind.



**VERWOESTING** 'n Veldbrand het op 17 April in die Helderberg-natuurreservaat uitgebreek, waarna dit as gevolg van die suidoosterwind vinnig versprei het. Elf huise rondom dié reservaat moes ontruim word en sommige huise is in puin gelaat. *Die Matie*-fotograaf Johann Swart was daar toe brandbestryders gepoog het om die brand onder beheer te bring. Foto: JOHANN SWART

Koshuis ondersoek alternatiewe aktiwiteite

# Eendrag oorweeg om van JOOL 2012 te onttrek

MARIETJIE VOS

Eendrag-Manskoshuis oorweeg dit tans om hulle van JOOL 2012 te onttrek.

Volgens 'n verklaring wat deur die koshuis uitgereik is, het Eendrag 'n ondersoekspan saamgestel om aktiwiteite wat as alternatief tot JOOL kan dien, na te vors.

Die koshuis voel "dat die programsamestelling van JOOL drasties hersien moet word", en Eendrag is bereid om hulself van JOOL 2012 te onttrek indien hierdie herstrukturering nie plaasvind nie.

Volgens die verslag is van die aspekte waaroor Eendrag ontevrede is, "die feit dat koshuise tans geen inset lewer ten opsigte van JOOL-strukture nie", die buitensporige kompetisie wat rondom Vensters heers en die manier waarop Buddy nie "ernstig" opgeneem word nie.

Jana Jacobs, voorsitter: Maties-JOOL, het by navraag gesê dat "[g]een koshuis of privaatwyk verplig [word] om aan JOOL deel te neem nie".

Sy het bygevoeg dat Eendrag welkom is om te onttrek "sou hulle besluit om hierdie oorweging finaal te maak".

Werner de Wit, SR-lid: Tesourier, sê dat, sover hy weet, die besluit nie finaal is nie, en dat "'n paar koshuise in gesprek [is] oor die pad vorentoe."

"Dit beteken nie hulle gaan onttrek nie, maar dat hulle graag met die JOOL-komitee [in gesprek wil tree] oor die pad vorentoe," sê De Wit.

Volgens Jacobs is "onttrek" die verkeerde woord, aangesien geen koshuise nog vir JOOL 2012 ingeskryf is nie.

Volgens De Wit het die JOOL-komitee "reeds 'n paar voorstelle wat hulle volgende jaar gaan implementeer" en behoort hierdie veranderinge baie van die ongelukkigheid rondom JOOL op te los.

Eendrag se prim, Gilbert Punt, wou nie kommentaar lewer nie.

In Eendrag se mosie word spesifieke kwelpunte aangaande JOOL uitgelig. Dit sluit in die feit dat koshuise tans geen insette in JOOL-strukture het nie.

Die mosie lui verder dat "die gaping tussen [Eendrag] se eie fondsinsamelingsinisiatief en MGD se werk hopeloos te groot is. Ons sal graag wil sien dat die gaping vernou word en dat Eendrag op 'n meer direkte wyse betrokke raak by gemeenskapsprojekte."

Verder beklemtoon die mosie dat die kompetisie tydens JOOL "buitensporig" geraak het. "Ons beskou Vensters as 'n reuse-uitgawe en die geld wat by tweedejaarstalletjies gegenereer word, maak dit glad nie die moeite werd nie. Uiteindelik blyk dit dat Vensters nie ten bate van, maar eerder ten koste van MGD geskied."

## Erratum

IN DIE vorige uitgawe van *Die Matie* (06/04) is in die foto-onderskrif "Pedalling it up" verkeerdelik vermeld dat slegs Anthea Hartzenberg tydens EcoMaties se gelukkige trekking 'n fiets gewen het. Andrew Maile het egter ook 'n fiets gewen. Dié trekking is gehou om studente aan te moedig om van fietse gebruik te maak.

cv-network
PROMOTE YOURSELF to find that dream job or internship opportunity
HOW?
Sign up with cv-network for just R 249!
YOU GET
• A professional online cv-profile with a registered .com domain name hosted for 1 year
• A dedicated e-mail address & fax number
• Integration with social networks such as Linkedin, Facebook & Twitter
• Frequent notifications about opportunities in your study field.
MAKE EXTRA MONEY
Get your friends to sign up and receive R60 from cv-network for each referral
NEXT STEP
SMS or email your name, surname, professional title (or study field), email address & contact number to us &we will contact you shortly with a sample of your profile. For more information visit www.cv-network.com or contact us at 073 7494 761 or info@cv-network.com

Bergzicht Plaza Laundry
Drop & Collect
5 Days a Week
Reliable Lucille, will be at to your service
Bergzicht Plaza Wassery
Voorafbetaalde wasgerief beskikbaar
Betroubare Lucille, sal tot u diens wees
Vir navrae, skakel: Rob 083 636 0609

HAUMANN
BOU & ELEKTRIES
BK No 95/05596/23
Hannes Haumann
George Blakelaan 17C
STELLENBOSCH 7600
Werk: 021-8871753
Selluler: 0183 225 9112
Faks: 021-886 9753
ELEKTRIES, MESSEL, SKRYN- & VERFWERK

## NEWSINBRIEF | NUUSINKORT

– *Marietjie Vos en Anika Marais*

### Debatspan vaar goed

TWEE debatspanne van die Universiteit Stellenbosch het onlangs aan die nasionale kompetisie op die Potchefstroom-kampus van die Noord-Wes-Universiteit (NWU) deelgeneem.

Die Matie-span "het as kampuswenners weggestap," sê Naomi Bruwer, projekleier: Debat.

Volgens Bruwer het die Matie-span in 2009 ook die kompetisie gewen.

Die twee spanne wat deelgeneem het, het uit die volgende lede bestaan: Wynand Spruyt, Clinton du Preez, Wiaan Visser en Jana Roos (span een); en Christian van Zyl, Innes Barnardt, Marnus Havanga en Alma Diamond (span twee).

### BYM applications open

THIS year's Brightest Young Minds (BYM) Summit will be held in Johannesburg from 4 to 9 July. University students, recent graduates and others between the ages of 20 and 30 are invited to apply to attend the eleventh annual summit.

"At the summit the 100 delegates will get the chance to interact with some of the top thinkers and most inspiring individuals in the country as well as having the opportunity to share and develop new ideas and innovative solutions to some of the challenges facing our society," according to a BYM press release. "The best of these ideas will be presented on the final day to a high-profile audience of business and public sector leaders."

The theme of this year's summit is "A Climate for Change". Applications for the summit are available on the BYM website (www.bym.co.za) and the closing date is 14 April.

Successful applicants will be able to attend the summit free of charge.

### Student ontvang prys

TIAAN Basson, 'n doktorale student in polimeerwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch, het by die onlangse Wêreldforum vir Gevorderde Materiaal (POLYCHAR 19) in Nepal 'n medalje en 'n erediploma vir die beste aanbieding deur 'n student ontvang.

Dié wêreldforum het navorsers en studente van meer as 50 lande bymekaar gebring.

Basson het sy navorsing oor die effek van versoeningsmiddels op die eienskappe van hout-polimeer-saamgestelde materiale (HPS'e) ten toon gestel.

Volgens me Engela Duvenhage, media-beampte: Fakulteit Natuurwetenskappe, word HPS'e geskep wanneer houtvesels met spesifieke polimere gekombineer word en word dit algemeen in die motor- en boubedryf vir 'n groot verskeidenheid toepassings, soos dek- en paneelwerk, ingespan.

### SPL-student vereer

DUMISANI Sondlo het onlangs die Beste Student-trofee van die oudit-maatskappy PWC ontvang, ná hy sy graad met 78% (*cum laude*) geslaag het.

Sondlo is een van 108 studente wat vir die honneursgraad by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) ingeskryf het. 65 van dié studente het hul grade aan die einde van 2010 en in Maart vanjaar ontvang.

Volgens die US se webtuiste meen prof Johan Burger, hoof: Nagraadse Programme aan die SPL, dié prestasie is besonders omdat die meeste studente midloopbaan werkende mense is en dat die studietydperk gewoonlik oor twee jaar uitgerek word.

Sondlo is vol lof vir die program en sy mede-studente. Hy het aan Stephanie Nieuwoudt gesê: "Ons besprekingsgroep het uit mense van verskillende agtergronde bestaan. Dit was lekker."

# Min vordering gemaak

NUUSREDAKSIE

MIN VORDERING is tot dusver gemaak aangaande probleme wat inwoners van Bothmashoogte sedert die begin van die jaar ervaar.

*Die Matie* het op 16 Maart berig dat probleme 'n gebrek aan internettoegang, wasgeriewe en genoegsame vervoer na en van kampus insluit, asook die feit dat studente ekstra vir elektrisiteit moet betaal.

In dieselfde artikel is berig dat mnr Pieter Kloppers, direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe, aan die studente van Bothmashoogte beloof het dat "die relevante partye sal saamwerk om die probleme spoedig op te los".

Volgens Mario Ruiters, hoofstudent: Bothmashoogte, word hy van "vergadering na vergadering na vergadering" gestuur.

"Ons het al met Pieter Kloppers, Munita Dunn en Hein Swanepoel (direkteur: Kommersiële Dienste) gepraat. Hulle kan vir ons niks belowe nie. Hulle is te bang om beloftes aan datums te koppel."

Ruiters rapporteer dat geen vordering gemaak is in terme van internettoegang of wasgeriewe nie. "Ons het vir twee dae 'n *shuttle*-diens gehad, maar niemand het met die *Stellenbosch Taxi Society* gekommunikeer nie en dit het spanning veroorsaak."

Hy voeg by dat daar 'n algemene negatiewe gevoel in Bothmashoogte heers en dat hy bewus is van studente wat beplan om uit te trek.

"Ons is g*tvol vir vergaderings. Munita Dunn se invloed is minimaal, want ons probleme raak nie minder nie.

"Ons het ook 'n maand laas van Lloyd Blake (voorsitter: Primkomitee) gehoor. Cathy Wood (SR-lid: Eerste Generasie-Studente) het ook nog nooit met ons in kontak getree nie."

Ruiters meen dat dit dalk tyd is om tot aksie oor te gaan. "Ons sal proaktief moet wees. Al beteken dit ons moet 'n *march* reël of na ander koerante gaan." Hy oorweeg egter ook persoonlike protesaksie. "Ek wil 'n tent voor die Lombardi-gebou opslaan. Dan is ek loopafstand van kos, my klasse, toiletgeriewe en internettoegang."

## SPORTINBRIEF | SPORTINKORT

– *Elri Nieuwenhuis*

# Bergwedloop suksesvol

EENDRACHT Vista Hotel het op Saterdag 16 April twee familie-wedlope aangebied. Atlete kon kies tussen twee wedlope. Die 5km-roete was geskik vir families en diegene wat minder fiks is. Die 12km was meer uitdagend en het atlete se stamina getoets.

Coetzenburg-atletiekbaan het as begin- en eindpunt gedien terwyl albei roetes dele van die omliggende berge ingesluit het. Sterk winde en moeilike oppervlaktes het dit vir atlete moeilik gemaak.

Die wedlope is aangebied ten bate van twee kinderliefdadigheids-organisasies – die Anna Foundation op Stellenbosch en die President Kruger-Kinderhuis in Reddersburg.



# *Grand Slam* aangebied

MATIES-Tennis het op Saterdag 16 April die eerste Maties-*Grand Slam* toernooi aangebied. Die doel van die toernooi was om fondse in te samel vir een minder bevoorregte voornemende student.

Volgens Marni Enslin, dameskklub-kaptein van Maties-Tennis, wil dié klub poog om hierdie toernooi 'n jaarlikse geleentheid te maak.

Alle koshuise kon inskryf en Maties tennis-spelers kon ook vir hul koshuise deelneem.

24 Koshuise het in pare deelgeneem en die dag se uitdunne het begin met 'n rondomtalie-toernooi. Daarna het die beste span uit elke groep na die halfeindstryd deurgedring.

Die spanne van Dagbreek en Nerina het in die eindstryd teen Eendrag en Heemstede gespeel. Daar is in dubbels, gemengde dubbels en enkelspele deelgeneem. Die manseindstryd was veral spannend en die spelers was besonder kompeterend.

Die wind het egter deurgaans sake vir die spelers bemoeilik en alle talent en ondervinding is tot die uiterste beproef.

Dagbreek en Nerina het uiteindelik geseëvier. Hulle het 'n wisseltrofee met 'n bottel sjampanje ontvang, terwyl elke speler ook 'n medalje ontvang het.

Maties-Tennis is ook betrokke by die "Living Legends"-inisiatief wat gebonde is aan die HOOP-projek en die Frederik van Zyl-Slabbert-Instituut.

Dié inisiatief behels dat lede van Maties-Tennis drie dae per week by laerskole in die omliggende area tennis-afrigting aanbied om leerders se hand-oog-koördinasie te bevorder.

Tydens die toernooi was 24 van hierdie leerders teenwoordig om as baljoggies op te tree.



# Vroue-rugby seëvier

MATIES-vrouerugby het die afgelope naweek goed gepresteer deur die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) 19-0 op hul tuisveld te klop.

Maties-Vroue het tot dusver baie goed gevaar in die liga-wedstryde. Dié span het oor die afgelope twee naweke hul eerste ligawedstryde gespeel – teen Goodwood-Vroue en Blue Jets-Vroue. Hierdie wedstryde is onderskeidelik 73-0 en 72-0 deur Maties-Vroue gewen.

Volgens me Lulani Vermeulen, Maties-Vroue se assistent-afrigter, was UWK die span se sterkste kompetisie in die liga.

Natasha Hofmeester, Aimee Barrett en Jolene Wehr het aan Maties drie drieë besorg.

"Ons het nie vanjaar baie spelers nie. Ons het tans slegs 25 spelers. Ons het vanaf verlede jaar heelwat spelers verloor: sommiges is klaar gestudeer terwyl ander uitgetree het," sê Vermeulen.



# Kriek wen weer wedren

CHRISTIAAN Kriek, Smith & Associate/Obike Maties-fietsryklub se nommer een-fietsryer, het die naweek die Fine Breederivier-Bergfietswedren gewen.

Dit is die sesde keer dat hierdie jaarlikse wedren in die Breërivier-omgewing aangebied word.

Volgens Kriek was daar hierdie jaar sowat 640 deelnemers – wat sy prestasie selfs nog meer besonders maak.

Die roete kronkel hoofsaaklik tussen die boorde en grondpaaie van die omliggende wynplase wat vir fietsryers 'n uitdaging bied.

Die roete vorm deel van die Cape Epic-roete wat drie weke gelede gehou is.

Fietsryers kon dus 'n strawwe roete te wagte wees. "Ons het vir die eerste 20km as vyf ouens saamgery. Na 'n bult het ons ontslae geraak van nog twee ander ryers. Op 40km het ons ontslae geraak van nog 'n ryer," het Kriek die wedren beskryf.

Kriek het die wedren gewen ten spyte daarvan dat albei raamwerke van sy fiets se wiele gebreek was.

"Ek het ná 5km in die wedren redelik vinnig deur 'n drif gery waarbinne daar sementblokke gelê het. Ons het te vinnig gery om dit te vermy. Ek was ongelukkig aan die verkeerde kant van die drif. Ek het dit egter eers aan die einde van die wedren agtergekom," het Kriek verduidelik.

In eg Bolandse styl was Kriek se prys wyn van dieselfde gewig as sy eie liggaamsmassa.



**WAG DAARVOOR** Die derde rondte van die Interkoshuis-Eersteliga-toernooi het op Vrydag 15 April plaasgevind en die spelers moes veral goed rekening hou met baie sterk wind. Wilgenhof en Helshoogte het teen mekaar te staan gekom en Helshoogte het hierdie wedstryd 13-5 gewen. Foto: JASPER VLOK

## Unbeaten team meet their match against Patria, NWU

# Simonsberg lose in finals

**NICHOLAS GLANVILL**

The Steinhoff Residence Championship Final between Patria from North-West University (Pukke) and Simonsberg took place on 11 April as pre-game for the Varsity Cup final between the University of Pretoria and the University of Cape Town in the LC de Villiers-stadium in Pretoria.

Both sides were eager to bring home some Varsity Cup silverware for their respective universities. Unfortunately, it was Patria's time to shine.

Both sides were undefeated and in impressive form leading up to the final.

The final score was therefore a surprise, seeing that Patria dominated with a final score of 21-0.

Both sides were equally committed and the game's key statistics showed a match far closer than the final score.

However, it was Simonsberg's larger penalty count and errors that cost them the trophy.

Patria successfully countered some heavy pressure from Simonsberg in the first stages of the game .

**Patria successfully countered some heavy pressure from Simonsberg in the first stages of the game**

Mistakes and bad discipline during crucial phases of the match affected many possible try-scoring opportunities.

Patria, on the other hand, faired far better in this regard. The penalties that Patria gave away were also far from the goal posts – making it hard for Simonsberg flyhalf, Henk de Villiers, to take advantage of these opportunities.

The same cannot be said for Patria, whose flyhalf, Wilco de Wet, succeeded with a number of kickable penalties.

The two tries of the game came from Patria wing, Janco van Zyl and lock, Ludewyk Uys. Both tries involved great play from the Patria forwards, specifically flanker Jean Olivier.

These tries do not reflect the heart that Simonsberg put into their defense. Simonsberg eighth man, André Bezuidenhout, for example, chased Patria wing, Tiaan Geldenhuys roughly 70 meters for a fantastic try-saving tackle.

Simonsberg won two away fixtures (against Tornadoes from UCT and Onderstepoort from Tuks). They narrowly beat Northenz from the Nelson Mandela Metropolitan university (NMMU).

Simonsberg's prim or HK member of Sport could not be reached for comments in this regard.

# Sonop wen somerliga-eindstryd

**ELRI NIEUWENHUIS**

DIE INTERKOSHUIS-Netbal-Somerliga-eindstryd en half-eindstryd is deur twee dameskoshuise oorheers. Heemstede en Sonop het albei drie spanne in die eindrondte gehad.

Volgens Wilmarie Giliomee, prim: Heemstede, is die goeie deelname in die koshuis te danke aan goeie organisasie deur die HK-lid: Sport, Famke Nienke Allan.

"Ons presteer ook beter danksy goeie gees en ondersteuning deur die toeskouers," het Giliomee bygevoeg.

Die A-liga-eindstryd tussen Sonop A en Heemstede A het veral vir opwinding gesorg. Albei spanne was van die begin af gefokus en wou die meeste put uit die ander span se foute. Goeie doelwerk deur Heemstede se doele het gesorg dat die span aanvanklik 'n voorsprong bo Sonop gehad het.

Heemstede het goeie spanwerk getoon en met hul afgooie 'n goeie vloei van die senter-afgooi na die doele gevestig. Hulle het in die eerste helfte ook daarin geslaag om Sonop se spelpatroon te breek en goeie druk toe te pas.

Sonop het egter die tweede helfte van die wedstryd oorheers en goed



Foto: MILAN SVOBODA

op onnodige foute van Heemstede gekapitaliseer. Daar is goeie druk op Heemstede se doele toegepas, wat aanvanklik foutloos was, en in die tweede helfte is 'n laer doel-persentasie aangeteken.

Sonop het die wedstryd danksy goeie afronding 21-15 gewen.

Die B-liga-wedstryd was egter meer eensydig toe Sonop B Heemstede B 20-7 geklop het.

Heemstede het ook in die stof gebyt in die C-liga toe Minerva B Heemstede C 18-28 geklop het.

Equité het goeie vorm vir 'n nuwe wyk getoon toe hulle teen Sonop C gewen het. Die finale telling was 18-8.

Volgens Michelle Segal, Administratiewe Assistent: Maties Netbal, is daar baie oud-Maties-klubspelers in die wen-spanne.

"Dis goed dat spelers nie ophou speel nadat hulle vir Maties gespeel het nie. Dit maak die interkoshuis-liga ook baie meer kompeterend."

Segal se reaksie op vrae oor beweerde oneerlikheid van die koshuise se kant af was dat die organiseerders "vertrou dat die koshuise eerlik sal wees aangesien dit moeilik is vir die bestuur om alles te kontroleer. As koshuise oneerlik is ondermyn hulle die integriteit van die sport en moet hulle maar met hulle gewete saamleef".

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV / Bar
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

Die MATIE
Sport

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV / Bar
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

WOENSDAG 20 APRIL 2011 SEWENTIGSTE JAARGANG | NO 9 | GRATIS OP KAMPUS VERSPREI



**STRAIGHT AHEAD** Two Maties rugby players were awarded pretigious prizes on Monday 11 April at the Varsity Cup finals. Callie Visagie, former Maties captain, was named "Player that rocks" and Hugo Kloppers was named "Forward that rocks". Here both these players are seen in action at Maties' game against the Nelson Mandela Metropolitan University earlier in the season
**Photo: JOHANN SWART**

'This award was also the light at the end of a rather dark Varsity Cup tunnel for Maties' – Kloppers

# Visagie, Kloppers receive Varsity Cup awards

**NICHOLAS GLANVILL & ELRI NIEUWENHUIS**

While Maties supporters were surprised by Stellenbosch University's (SU) sudden elimination from the Varsity Cup, two Maties players received prestigious awards for their performance during this tournament.

Coaches from each team nominated players. The judges for these prizes were the coaches of the various Varsity Cup teams as well as the Varsity Cup management. The votes of the judges made up 50% of the final vote, and supporters could also vote online for their favourite players.

Callie Visagie, Maties captain, was named the "Player that Rocks". This award was open to all players in the tournament.

Visagie dislocated his shoulder during the Maties-UCT game and therefore only played five of the seven league games. Visagie said that he is hopeful regarding the recovery. "I had an operation last week and I can hopefully return in a month's time."

Hugo Kloppers, Maties forward, was also named "Forward that rocks". When asked about Kloppers' award, Visagie said that he is a man of good character who played well this season and previous seasons. "If I know him at all he will probably spend all his prize money on sushi," Visagie added.

Kloppers, who had to take over from Visagie after his injury, has been playing for Maties for three years. He says it is a huge honour to be associated with Stellenbosch University and the team. "It was already a big honour to be on the team, so to captain them was an even bigger honour," Kloppers added. "This award was also the light at the end of a rather dark Varsity Cup tunnel for Maties. At least it's good to know that hard work does pay off in the end."

**UCT became the second team to win this tournament by beating [Tuks] in Pretoria with a final score of 26-16**



For the first time since its inception, Varsity Cup was not won by Maties this year. UCT became the second team to win this tournament by beating the University of Pretoria (Tuks) in Pretoria with a final score of 26-16 – a feat Maties were unable to equal this year.

UCT captain Nick Fenton-Wells guided his champion side to a deserving victory. Other players that contributed to UCT's success this season are WP Vodacom Cup players Marcel Brache (who was nominated for backline player of the tournament) and Tim Whitehead (centre), flyhalf Demetri Catrakilis and SA u/20 lock Eben Etzebeth (who was nominated for forward of the tournament).

Visagie commented: "After [they played] in their third Varsity Cup final in four years, I think that UCT really deserved the win. They had a great season and some great players as well".

So what is next for Maties? "Before the season started I decided not to make myself available for selection and I will hopefully finish my honors this year. Then I will be able to play full time next year," Visagie said.

Kloppers also added the Maties team would like to thank the students of SU for all their support. "I would also like to mention that the team still needs the support [of the students] for the Western Province first league games."

SOMERSET ACTION SPORTS
Action Cricket
Action Netball
Action Soccer
*4 State of the art Courts*
*Fully licensed bar*
*Pizza Restaurant*
*Join in the fun now*
New Students and Ladies Leagues starting soon!!




Tel: 021 801-4330, somersetaction@gmail.com




**VEELS GELUK!** Die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum vier vanjaar sy tiende bestaansjaar. Ter viering van dié mylpaal beplan die Taalsentrum 'n Skryfsentra-Indaba wat op 29 Julie op Stellenbosch sal plaasvind. Skryfsentra-personeel sal dan bespreek hoe studente verder ondersteun kan word. Foto: COLLEEN BLOM

Safety and housing on agenda

# Current issues discussed at SP

**NINA LOUW**

The second Student Parliament of 2011 bravely tackled the multitude of sensitive issues on campus, generating heated discussions amongst the concerned students that were present.

Issues ranging such as the revision of the constitution by the Student Representative Council (SRC); the creation of issue-driven task groups; the number of students on campus; problems with student housing; safety on campus, and the demographically-based admissions requirements applied by Stellenbosch University (SU) were discussed.

Student housing on campus was addressed by Jeanne van der Merwe, speaker: Student Parliament, who brought up the issues of the shortage of infrastructure in student housing, the need for more housing in general and problems concerning the evacuation of residences during the holidays.

Numerous students voiced their opinions concerning student housing, raising issues such as the need to properly administrate the placement of students in open residences and to provide security for students' possessions.

A senior student from Botmashoogte brought the lack of infrastructure in his residence to light – stating the fact that the students do not have access to internet or laundry facilities, as well as the cancellation of their transport service that brought students to Stellenbosch campus.

Jan Greyling, chair: SRC, voiced his frustration with Stellenbosch University's (SU) administration with regard to this issue. "The situation is unacceptable and must be addressed", said Greyling.

Mr Pieter Kloppers, chair: Centre for Student Communities, also commented on this issue and explained that internet access was not seen as basic infrastructure, and that SU is in the process of installing laundry facilities and improving the infrastructure.

He echoed Greyling's sentiments, saying, "I am very frustrated with my colleagues with regard to this issue".

Greyling went on to discuss the student numbers at SU – an issue related to overcrowded classrooms and facilities.

He explained that SU projected that student numbers would grow by only 1% and received funding according to these numbers.

"The student numbers have instead grown by 5%, meaning that we have a budget shortage of R7.2 million."

He added that the admissions process needs to be reviewed, but that this is partly controlled by the government.

The government wants to see a certain demographic (where only 60% of the students are white) reflected in the students at SU.

This provoked an intense debate in which many different perspectives were raised.

Some feared that students, ill-qualified to pursue their degrees, would be accepted into the university, while others highlighted the need to give underprivileged students a chance at a university education.

# Diskriminasie-beleid in wording

**ZANIE MAREE**

DIE PROSES om 'n diskriminasie-beleid vir die Universiteit Stellenbosch (US) te skep, is onder weg.

Hierdie proses het begin ná dit aan die lig gekom het dat die US nie strukture in plek het om gevalle van diskriminasie te hanteer nie.

'n Vergadering is op Maandag 18 April gehou om 'n voorlopige konsepbeleid te bespreek.

Die initiatief is verlede jaar deur die Studenteraad (SR) en die Sentrum vir Studentesake begin, ná die Maties Teen Diskriminasie-veldtog in 2010 plaasgevind het.

Die doel van die vergadering was om vas te stel of die verskeie partye teenwoordig tevrede is met die konsepbeleid, en indien nie, wat verbeter kan word.

Tydens die vergadering het dit aan die lig gekom dat alhoewel daar verskeie reëls is wat diskriminerende gedrag aanspreek, dit noodsaaklik is dat daar 'n beleid aan studente beskikbaar gestel moet word.

Daar is ook genoem dat studente bereid is om klagtes in te dien, maar vinnig die klagtes sal terugtrek.

Mnr Lunga Jacobs, koördineerder: Studentewelwees, Multikulturalisme en Diversiteit, het die kwessie van vertroulikheid beklemtoon en genoem dat dit baie belangrik is om die studente wat klagtes indien te beskerm.

Innes Barnardt, SR-lid: Dialoog, het die kwessie van verantwoordbaarheid op die tafel geplaas.

Daar is vasgestel dat die diskriminasiebeleid van toepassing op interaksies tussen studente sowel as interaksie tussen studente en personeel sal wees.

Daar was enkele kwessies rakende die voorlopige dokument.

Een van dié kwessies was dat die definisie van diskriminasie na sekere partye se mening nie voldoende is nie.

Verder is die lys van moontlike diskriminerende gebeure bespreek en is daar gevoel dat dit verder uitgebrei moet word.

Daar is voorgestel dat daar na die grondwet van die land gekyk word om die lys aan te vul.

Vrae na die plek en tyd van diskriminerende gevalle, en wanneer diskriminasie wel onder die US se regsgebied val, is gevra.

Daar is egter beklemtoon dat dié proses nou eers begin is en dat groter insette van studente vereis word.




Earn extra money part-time. Easy, proofed to work, building a database with mobile numbers.

Send your email address to sfextramoney85@gmail.com for more details.

# New society to broaden students' interests

**MALHERBE NIENABER**

A NEW student society hopes to broaden the minds of Stellenbosch students by promoting discourse and critical thought.

Scope is an initiative started by Carel Kleynhans and Gareth Pearson of EcoMaties that aims to provide an environment for interaction and a flow of ideas to counter the "rigid" academic structure found at Stellenbosch University.

Kleynhans has spent some time at American universities where he was exposed to alternative methods of teaching.

Kleynhans said, "We want to expose people to the real world out there by introducing cool, relevant and challenging topics with guest speakers and TED-style video talks".

In this innovative spirit, Scope members are encouraged to engage in the discussion and share their own ideas.

Emphasising what they call "interdisciplinary idea sharing", Scope members will also be in a position to facilitate future talks themed around their own proposals.

Scope's Facebook page describes it as a student society for and by students.

The launch of the society took place on 7 April, with Prof Stan du Plessis, lecturer: Economics, as the guest speaker.

The first discussion focused on the current academic structure and how limiting it might be.

Prof du Plessis gave examples of what one can do to further one's education outside one's academic direction.

During this meeting, a video (by Sir Ken Robinson) that depicted the current culture at universities globally was shown.

It has come to light that modern universities are stuck in a pre-modern way of teaching, dividing students between disciplines and limiting their education in the process.

Anthea Hartzenberg, a third year BA International Studies student, attended the first meeting and praised the initiative.

"[Prof] Stan du Plessis was an interesting speaker," she said.

"I feel that it is important to stimulate debate and discussion amongst the students themselves in order to achieve, in part, the goals of the organisation".

Kleynhans affirms Scope's ambition "to connect students from diverse academic backgrounds" with the intention to break down "the boundaries between [academic] departments at the university".

Hartzenberg added, "I think that the concept behind SCOPE is a well-timed one that is needed to encourage interdisciplinary, cross-cultural dialogue and discussion."

Hartzenberg mentioned that universities are increasingly becoming more "open centres for learning and innovation".

In her opinion, Scope realised that this culture is not present at Stellenbosch University.

Hartzenberg feels that this is the relevance of a society such as Scope on campus.

"[It is] about escaping the rigidities of structure for a breath of fresh air, a difference in opinion and a different face."

She does feel that there may be problems. "The obvious issues they face are those of sustainability and maintaining momentum."

Scope will host weekly talks, open to all students, which will serve as a platform to bridge these limitations, which Kleynhans describes as part of the "Stellenbosch Bubble".




**KOM ONS KLINK 'N GLASIE** Huis Ten Bosch en Sarie-tydskrif het op Saterdag 16 April 'n sjampanje-ontbyt vir die publiek aangebied. Sarie-skrywer André le Roux was die gasspreker. Hy het sy nuwe boek *Kan ek maar aan jou selluliet vat?* bemark. Ilse Roux se rokke is ook deur die 10 finaliste van Me Huis ten Bosch vertoon.

**Foto's: MICHELLE DUNCAN**

Experiencing SA public transport

# Cape town taxi!

**LINCOLN LOXTON**



Like Cameron from Modern Family, I am but a country mouse. During my stay in Cape Town this week, while working on an internship at an independent magazine, I was left with no option but to make use of public transport.

I'm no snob when it comes to using public transportation – in fact, when I was in high school, I took the train from Bellville to Kraaifontein every single afternoon.

But there are basically two kinds of public transport in the Western Cape. There are Cape Town taxis and then there's public transport.

I've been on taxis since I was a kid. But this is different.

Two days in and out of CT with a taxi and I find myself questioning my own sanity. Roller coasters are thrilling and fun, but that's what they're meant for.

Death traps are meant to bring death unexpectedly and so they do. Taxis are meant to be a communal, cheap and efficient way of getting from point A to point B.

Which, to be fair, they do, but not without using every single obstacle, turn and red light along the journey to make you believe you are going to die.

Granted, it can be exciting and if you close your eyes and click your heels you may be able to convince yourself that you're just dreaming.

Have you ever been in one of these taxis? Next time you have the chance, look at the face of the driver. I did this today.

I was trying to figure out what goes on in this man's mind. I figured myself a regular Clarice staring at my own version of Hannibal. And there was nothing there.

Through all the near-death encounters this monster leads us, not once does he mirror the anxiety in our faces or even smile as if he enjoys it.

His emotional experience of the trip seems to betray the scariest emotion of all: Indifference.

At some stage I thought I might be wrong when his eyebrows furrowed, but then I realised it was just the sun in his eyes. Well, at least he's human then.

Here's how I manage to get through the experience:

I imagine I'm out on another crazy night with friends in Stellenbosch.

You know where you were planning on going, but you're never quite sure what's going to happen along the way.

You never know who's going to be sitting next to you, but you know that person is on the same vibe you're on.

You may even be scared sometimes, but you don't say anything – you just sit tight. You might not remember everything and you're not really in control, but chances are at the end of the night/trip, you will be OK. Whatever the case may be, it's a wild ride!

Tomorrow I will take the taxi again. Maybe the very same one. And so will every other auntie who screamed at the very same driver the day before.

Do we not care about our lives? Do we secretly love the thrill?




No. But we need to get from point A to point B. A girl's gotta work.

## ARE WE THERE YET?

*Travel Column*



Photos: MICHELLE DUNCAN AND HAROLD PORTER BOTANICAL GARDENS

# Next stop: Betty's Bay

**MAIA VOSLOO**

BETTY'S Bay is located along the R44 headed past Koelbay towards Hermanus. A 90 minute drive brings you to this destination that offers a tranquil setting in which to unwind with a variety of physical activities. The white beach and breathtaking atmosphere will leave you coming back for more.

### Accommodation

Conveniently, Bayside Beach House offers backpacking and self-catering units at a very reasonable rate (from R100 p/p sharing). Luxury guest house rooms are also available.

### Are you hungry?

Be sure to lay your hands on the scrumptious croissants from the local deli. These freshly-baked jewels are only R8 each and are usually sold out before 09:00.

It is absolutely necessary to visit The Jackass Penguin Colony at Stony Point, and it only costs R10.

It is best to pay these adorable creatures a visit in the late afternoon, when they return from their daily fishing expedition.

A stroll and picnic in The Harold Porter Botanical Garden is definitely worthwhile. Students pay half price when they present their student card.

R15 lets you enjoy a whole day's viewing of the indigenous Disa and might even ensure the occasional celebrity spotting.

### Activities

The Palmiet River, headed towards Kleinmond, serves as the ultimate place to chill with rocks to dive from and natural freshwater springs to relax in.

The gigantic sand dune on the edge of the beach captures the essence of Betty's Bay beauty – looking at the sunset from the top is priceless and sandboarding down the slope is unforgettable.

Surfers would greatly appreciate the Betty's Bay surf experience. If waves aren't promising, Pringle Bay or Kleinmond could also provide the swell.




mfm 92.6

TOP 10

1. TONIGHT (I'M LOVING YOU) – ENRIQUE FT. LUDACRIS
2. BLACK & YELLOW – WIZ KHALIFA
3. TECHNO BAND – LONEHILL ESTATE
4. HOLD IT AGAINST ME – BRITNEY SPEARS
5. COMING HOME – DIDDY-DIRTY MONEY
6. BASS DOWN LOW – DEV FT. THE CATARACTS
7. ALL OF THE LIGHTS – KANYE WEST FT. RIHANNA
8. TAKE OVER CONTROL – AFROJACK FT EVA SIMONS
9. WHAT THE HELL – AVRIL LAVIGNE
10. BORN THIS WAY – LADY GAGA

# to. matie. taste

Martmarie Knoetze

## Winds of change

THE MYSTERIOUS autumn winds have arrived to change and rearrange. Autumn is upon us and with it blows a gust of mismatched fashion trends.

As a final farewell to summer and a greeting to winter, trends range from whimsical flower designs, soft fabrics and sweet flower accessories to colour-popping statement pieces in a bid to grasp the last rays of summery sunshine. With winter creeping closer, some students also opt to embrace winter with black and white stripes and grey knits.

Lauren's whispery lace-emroidered waistcoat over her pastel pink frock is a perfect tribute to one of the hottest summers Stellenbosch has known. The surprising burst of heat inspired her outfit, she says.

Chloe's wintery black and white stripes clashed beautifully with her golden flower hairpin. Her look, as well as Jaco's stripes, is sleek and simple yet embraces that last bit of sunshine and the sailor look.


Hanri's look drew our attention immediately as she sat lazily enjoying a perfect autumn day. She wore a striped knit jearsey and bright flower hair accessory. We also loved the combination of her Indian-inspired colorful book bag and leather pumps.

From summery florals to Adrian's neat knitted grey beanie, this is a winter must-have, especially to keep the hair out of your face in the fierce gusts.

Finally, we loved Estia's girly vintage combination of green high waist longer length skirt and beautiful lace top. The lingering days of summer are the ideal time to experiment with fashion.

### Latest Tips 'n Trends

1. **Colour reigns** – the trend that just won't let go. Try mixing clashing colours like red and pink and orange.
2. **Embrace lace** – From bright colours to whispy trends: an instant classic romantic look.
3. **Get Low** – lower hemlines! Gasp and shudder all, but the calf-length midi-skirt trend is growing fast. Invest now.
4. **White light** – White is the new black. Simple patterns and straight lines: a sleek runway look in an instant.
5. **Wear the pants** – Trousers are a huge trend this season. From baggy boys' trousers to high waist cuts to skinny stovepipes. You just can't go wrong.





Photos: Fiona Rolstone




**WIND IN THE WILLOWS** Wilgenhof's annual Carry 6-Packer took place in the Wilgenhof quad on Friday 15 April. A massive crowd showed up at the popular event where bands Loveglove Pyrotechnics, Van Coke Kartel, Thieve and Die Heuwels Fantasties performed. A surprise guest appearence by Jack Parow delighted the crowd at the successful event which only ended at 01:00. Photos: EDWARD DUCKITT

Studente trek kaal(voet) uit vir liefdadigheid

# Kaalvoet-kampuspret

MICHELLE HOMANN

Op Dinsdag 5 April het Kaalvoetdag op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse plaasgevind.

Kaalvoetdag is hoofsaaklik deur die Studenteraad (SR) en Onderwys-Studentekomitee georganiseer. Ander studentekomitees het ook die dag ondersteun en bemark in hul afsonderlike fakulteite.

Dié inisiatief is ingestel om mense bewus te maak van die groot impak wat een paar skoene in 'n kind se lewe kan hê en om studente sodoende aan te moedig om skoene vir minderbevoorregte kinders in te samel.

Studente het hul skoene vir die dag verruil vir voetvryheid – al het dié dag met koelerige weer begin.

Die SR het 'n stalletjie op die Rooiplein geborg waar mense ou en nuwe skoene kon afgee. Die skoene is vir Maties-Gemeenskapsdiens (MGD) ingesamel.

MGD beoog om dié skoene aan minder-bevoorregtes uit te deel.

*Reën op die Rooiplein* was 'n geleentheid wat om 13:00 op Kaalvoetdag plaasgevind het.

Carlo Milandri, 'n vierdejaar Grafiese Ontwerp-student, het met dié idee vorendag gekom.

Die doel was om die klank van 'n reënstorm na te boots deur die klap van hande en die stamp van voete.

"Ons hou dalk van die reën omdat ons lekker warm en snoesig kan aantrek en omdat dit romanties kan wees, maar daar is miljoene kinders wat nie klere of skoene het nie.

**Ek het nie besef hoe seer en onprakties dit is om vir 'n hele dag sonder skoene rond te loop nie**

"Hierdie mense voel heeltemal anders oor reën en wens dat die reën wegbly omdat dit koud is en hulle kaalvoet in die reën moet loop," het Milandri verduidelik.

Volgens Liam van Zyl, SR-lid: Gemeenskapsinteraksie en Eksterne Skakeling, was Kaalvoetdag 2011 "'n reuse-sukses".

Van Zyl wil al die Maties bedank vir hul deelname aan Kaalvoetdag en vir die skoene wat hulle geskenk het.

Ongeveer 260 pare skoene is ingesamel.

Studente se opinies wissel egter. Roann, 'n derdejaar Grafiese Ontwerp-student, meen: "As BA-studente loop ons in elk geval baie keer kaalvoet rond, so dit het nie só 'n groot verskil gemaak nie.

"Ek dink dis 'n *cool* idee, maar ek weet nie hoe lank die gebruikte skoene sal hou nie".

Karen, 'n derdejaar BSc-student, het gesê: "Ek dink dit is 'n *awesome* idee, maar daar is net een probleem – ek het daarvan vergeet en het skoene gedra!"


André, 'n tweedejaar BComm-student, verduidelik: "Ek het nie besef hoe seer en onprakties dit is om vir 'n hele dag sonder skoene rond te loop nie.

"Dit was veral in die oggend nogal koud en my tone het verkluim!"

Volgens Van Zyl word Kaalvoetdag weer vir volgende jaar beplan.



Foto: YOLANDI MARITZ




Ongemak en humor in *Anastasia W*

# Die nuwe soort protesteater

**MARIA GEUSTYN**

Marlene van Niekerk se nuutste toneelstuk, *Die Kortstondige Raklewe van Anastasia W*, met regie deur Marthinus Basson, onstel, vervreem, spot, lag, huil en laat jou in jou stoel wriemel van ongemak én lekkerkry.

Dit gaan oor twee begrafnisondernemers, Sus (Nicole Holm) en Daan (Eben Genis), argetipes van die Afrikaner, wat die land fynkam vir lyke wat deur misdaad verniel is.

Só kom hulle af op Rayno Ruiters – verkrag en met 'n klip doodgeslaan. En Elizabeth Maiphitli, 3 maande, geskiet. En Masego Kgoma, 11, wat opgemaal is vir muti.

En op Anastasia W, wie se lykie op die plafon gevind is nadat haar ma se minnaar haar verkrag en vermoor het.

Die name en besonderhede van talle ware misdade word deurentyds deur die verloop van dié stuk opgenoem en syfer deur die teks as herinnering en bemaning – 'n klap realisme sodat ons nie moet vergeet wat die twispunt van die stuk nou eintlik is nie.

Dan is daar Savage (Dean Balie) en Lovemore (Marlo Minaar), die twee handlangers in diens van Sus en Daan, wat planne beraam om die hiërargie van hul mikro-kosmos omver te gooi én die moord-en-verkragtingslus uit te buit.

Hul plan: om die geskiedkundige *Dutch Wives* van die Hollandse seëvaarders (gelyktydig die beeld van kolonialisme en misdaad) in elektriese kragopwekkers te omskep.

Só voorkom hulle misdaad en los hulle sommer die nasionale elektrisiteitstekort op. Want waar is die *ANC Women's League* byvoorbeeld? "In Galeries Lafayette in Parys".

Hulle is die nuwe generasie, sien – tawwer en meer gehard – wat gespeen is op die *struggle* van die Nuwe Suid-Afrika.

Van Niekerk se teks herinner aan elemente van absurde teater, swart komedie, *vaudeville*, musikale teater en satire.

Volgens Van Niekerk het sy "dit baie geniet om so wild moontlik te kere te gaan en jare se stoom af te blaas in 'n orgie van spot en galgehumor met klaagsang en aantygings as refrein".

Hierdie konsep word tot die fynste detail deurgetrek in Basson se regie en ontwerp.

Voor die ouditorium-ligte kan verdoof, begin die toneelstuk alreeds en word 'n mens onmiddelik herinner aan Brecht se verveemdingstegniek.


Net so word die projeksies en minimalistiese dekor aangewend om enige moontlikheid van ontvlugting af te breek sodat die gehoor keer op keer daaraan herinner word om nie té gemaklik te raak nie nie. Dit is moeilik aangesien die stuk oor die twee ure lank is.

*Die Kortstondige Raklewe van Anastasia W* is protesteater. 'n Gewelddadige, nuwe soort protesteater, wat met idioom, tragie-komedie, woordspeling, galge-humour en liriese satire skok, vasklou en nie laat los nie.

Die toneelstuk word opgesom in die hoendervleiswekkende finale woorde: "Viva die verkragterskrag van ons land, Suid-Afrika."







**NOEM MY SOMMER "LOLLIE"** Die jaarlikse toneelfeesuitdunne is van 11 tot 15 April gehou. Die studenteraad het hierdie jaar ook 'n item – "Lyk vir 'n koppie tee" – ingeskryf en só vir vele komiese oomblikke gesorg (onder links en regs). Eendrag en Heemstede se item (bo), "The Ferriswheel", is Dinsdag opgevoer. Daniel Bottomley het die regie behartig en self ook daarin gespeel.

Foto's: YOLANDÉ MARITZ




## vir jou vermaak

**3rd World Spectator, Wild Eyes** and **Coal** will be performing at Klein Libertas Theatre on 20 April. Tickets are R30 at the doors and the noise starts at 19:00.




**Rock The River** will be on this Easter weekend's not-to-be-missed list.

With acts from 7th Son, Van Coke Kartel, Hog Hoggidy Hog and many more, this three-day festival is a definite must-do.

Tickets are only R250 (and R200 for students) at Computicket. Book your ticket now and make sure that you attend one of the last festivals before winter creeps in.

**Mercury Live** se berugte Homegrown is op 13 Mei in ons eie agterplaas! Met DJ's soos Hyphen, Counterstrike, Bruce Willis? en vele meer, beloof hierdie aand by Klein Libertas om een vir die boeke te wees.

Dit is 'n moet vir al Stellenbosch se *hard drum and bass*-aanhangers. Deure maak om 19:00 oop en kaartjies kos slegs R40.

Die Kunstekaapteater bied op 20 en 21 April om 20:00 'n geleentheid wat 'n mens nie moet misloop nie.

**Afri-Spaans**, met Marta Gomez en Anna Davel (onder regie van Sandra Prinsloo), is 'n vermenging van die musiek van twee kulture. Kaartjies kos R165, en daar is 'n 10% afslag vir studente en pensioenarisse.

**New Holland** will make their way to Bohemia on Thursday 21 April for the second last leg of the Rock 'n Rolla-series.

There is no cover charge and the action starts at 21:00.



**Luna Paige** en **Gerald Clark** se heuningstemme sal op 27 April om 20:00 by De Oude Bank Bakkerij in Kerkstraat te hore wees.

Kaartjies vir hierdie spesiale aand kos R20.

Bring jou vriende en geniet 'n glasie wyn en van die beste kos wat Stellenbosch bied – en dit alles in 'n gesellige bakkery.

**Southern Gypsy Queen** will be performing at Klein Libertas Theatre on Thursday 28 April. The doors will open at 19:00 and tickets cost R30.




Die musikale fenomeen **Isochronous** sal op Vrydag 29 April hul gehoor aan die brand hê by Klein Libertasteater.

Die deure maak om 19:00 oop en kaartjies kos R40. Isochronous is een van die jaar se groepe om beslis dop te hou.

Greenpop's second **Cool as Folk party** will take place on Thursday 21 April – the day before Earth Day and a string of public holidays.


Come party for trees at Cape Town's premier live music venue, The Assembly!

Entrance is only R30 before 21:00 and R40 thereafter.

**Saintfearless**, **Box Office** en **Woodstock Mafia** is op Saterdag 30 April by Purple Turtle in Langstraat, Kaapstad te sien.

Dié *bands* is die enigste ding wat warmer as die venue gaan wees. Kaartjies kos slegs R30.





**KWAAI-TO, MY BRU** Die Brasse vannie Kaap se optrede op Saterdag 16 April by die Klein Libertasteater was ietwat van 'n teleurstelling toe slegs 'n handjievol mense by dié geleentheid opgedaag het. Die NP-Projek en Hemelbesem het ook by die geleentheid opgetree (wat meer as 'n uur laat begin het).

Foto's: ALBERTO PEPLER

'We are trying to fuse as many musical tastes as possible'

# New trio bring drum and bass to live stage

**MELINDI DE KOCK AND MARINETTE POTGIETER**

Alive DnB Trio is a group whose name has spread like wildfire in the local South African music scene.

This group is not only electrifying – as the name implies– but they have a certain swing and a fresh take with their original, energetic and overwhelming sounds.

With their distinctive drum patterns and a bassline that complements them perfectly, Alive DnB Trio is the first live drum and bass act in South Africa and aims not only to bring people from different subcultures together, but also to guarantee a musical experience which will take you on a journey to the beyond.

*Die Matie* got to talk to Jean Marais about their take on the music scene and what we can expect of them during their Battle of the Bands journey.

**First things first: Who is Alive DnB Trio and where do you come from?**

Alive DnB Trio consists of Christopher Steyn (bass), Hartwig Holtzhausen (synth) and Jean Marais (drums). Christopher and I (Jean) are both originally from Worcester. I came to Stellenbosch to study and Christopher currently lives in Durbanville.

Hartwig is from Wildernis and we met him when he came to study in Stellenbosch.

**What is the motto you live by?**

To quote the late Dr Humphrey Osmond: "To fathom hell or soar angelic, just take a pinch of psychedelic". This is our musical philosphy.

**Why did you start this act?**

Christopher and I were in the South African rock scene for many years and they were looking for something new and refreshing, which took the form of live drum and bass music.

**What do you guys have to offer the SA music scene?**

This approach to drum and bass is very original, as it is the first of its kind in South Africa. Take into account that this is a live band performing a genre that is usually reserved for DJs.

**How would you describe a typical gig?**

It is energetic, original, groovy and mind-altering.

There is a lot of dancing involved, and the vibe is dumpy and dancy – to say the very least. The crowd loves the fast beats and we love experiencing their energy.

**What can we expect at a live show?**

A touch of incense, the sound of UV lights, smiles and the glare of the intrigued.

**Are you aiming at a specific market or can anyone listen to your music?**

Alive DnB Trio incorporates genres and subgenres such as Dubstep, Psy-trance, reggae/dub, jungle/liquid and jump-up drum and bass subgenres. And even a tinge of kwaito music, for some local flavour.

Therefore it's clear that we are not aiming at a specific market, but instead we are trying to fuse as many musical tastes as possible.

**You guys were involved in other projects and bands. Tell me some more about this.**

Christopher and I were in the bands Antipathy and Draadloos. That is how we got to know each other. I was also in bands such as Fudge and Belhamel. Currently I am also playing drums in a Stellenbosch metal band, Emboldened.

**How would you describe your music?**

Diverse, original, psychedelic and groovy. You would be a fool not to dance.

**Any strange rituals on and off stage?**

Eating ice cream sandwiches, fixing Christopher's bass jack and the drinking always starts after the show.

**What are your plans for the future?**

We're playing the semi-finals in the Durex Ultimate Battle of the Bands and we've got a couple of gigs lined up in the Cape Town area in May, including venues such as Nameless, Mercury Live, Die Balke and Rabbit Hole.

Go check out our Facebook group for more details. Please remember to vote for us for the Durex Battle and to play at Dansville.

**Who is your inspiration?**

Drum and bass DJs such as Afrodite, Counter-Strikie, Hyphen, Spore and Mix and Blend inspire us.

We are more of a live act than we are interested in playing DJ, but DJs are still phenominal people in our industry.

**Do you have any advice for those who would also take on the task of starting a live drum and bass act?**

Make sure that the people you're considering to start the band with have outstanding musical ability to keep up with the beat-swings.

Also, make sure that you have the right equipment to do so. It makes the whole process a lot easier.

**Complete the sentence: Drum and bass will most probably...**


Spread like a mind virus.

The durex Battle of the Bands semi-finals will be held at Mercury Live on Friday 6 May.

The bands that progress to the finals, in Johannesburg on 4 June, stand a chance of winning prizes to the value of R100 000, including a national tour, R20 000 cash, a live recording and 100 CD and T-shirt prints, amongst other prizes.

# iTunes killed the album star (but have we really gone too far?)

**BERTUS SNYMAN**



IF, LIKE me, you are a bit of a rock snob and somebody asks you what music you like, you won't say, "I like band X" or "I love this or that song".

No, if you are anything like me, you will name a few bands you find "interesting" and then go on to state which of their albums you think is their best work.

For you see, a true rock snob approaches rock music in terms of albums – not songs or bands.

This might sound rather arrogant, but is does make a great deal of sense to do so.

The vinyl LP and compact disk have for decades now been the canvases of choice for recording artists to play around with.

Some have used it to create operas (The Who's "Tommy"). Others use it to show what they can do with a specific range of sounds (Pink Floyd's "Dark Side of the Moon").

And others simply fill the space with a wonderful collection of songs and melodies (virtually any album by the Beatles).

Unfortunately, it does seem increasingly likely that the growing popularity of digital music will bring an end to the age of albums.

Websites like iTunes have simply made it too easy to buy the singles we like and ignore the rest.

The rock snob inside me would like to say that this is a tragedy, but after thinking about it I came up with two reasons why I won't mourn the death of the album.

Firstly, it makes sense economically. Most albums are really horrible to begin with and you're lucky if you find one song to like.

So why should you have to buy the whole wretched thing if you only like one song?

The second reason is artistic considerations. Obviously the music will basically remain the same.

Some have argued that the emphasis will move away from collections of songs to simply recording the best possible singles – as this is what people will buy.

This does not bother me much, because there is no reason to think that this will affect the quality of music overall.

Quite the contrary; it will mean an end to those three or four useless space-filler tracks most bands have to record to make up for empty space on their albums.

However, the really fun part with regards to creativity will be seeing how artists adapt to make their music (as a product) exciting again.

The hard copy of an album has always had its perks. It comes with cool cover art, a booklet with all the lyrics, and sometimes even a few other extras.

Digital music has no equivalent for this.

As a product people would want to buy, it is incredibly boring.

But in the coming years this will change as artists are forced to create new types of content to go with their music.

And in the digital age, the possibilities really are endless.

Bittereinder oor hul debuut-album

# Dit klínk soos *rap*

MARINETTE POTGIETER

Hierdie album hou letterlik iets vir almal in. Van die visuele kunste en *off-beat* ritme tot diep-treffende lirieke oor hul moedertaal, het Bittereinder beslis 'n wenresep beet.

Maar wat kan 'n mens anders verwag van 'n groep met Jaco van der Merwe, Peach van Pletzen en Louis Minnaar se kreatiwiteit?

Die styl van die album *'n Ware Verhaal* is 'n interessante mengelmoes van elektro, rap en 'n bietjie rock – of soos die ouens dit self beskryf: "rap en roll".

Tog is daar iets aan dié album wat 'n donkerte suggereer. Die snit *Die Waarskuwing* stuur 'n koue rilling by jou rug af.

Die snit *Wakkerword* (met Inge Beckmann) het weer 'n vrolike gevoel wat enige iemand met 'n glimlag sal laat.

Met die hulp van ander kunstenaars soos Richard Brokensha in *Die Slang en Die Arend*, Sev Statik in *Voleinder* en Jack Parow en Tumi Molekane in *A Tale of Three Cities*, is hierdie album 'n *star-studded* bundel.

*Die Matie* was bevoorreg om dié groep se eie mening oor hul album te hoor.

"Die album gaan oor die stryd vir Afrikaans, hoe ons al drie uit Afrikaanse huise kom, maar in Engelse skole was.

"Die naam "Bittereinder" beteken 'n einde aan bitterheid en verwys ook na 'n persoon wat nie maklik opgee nie. Dit is ons. Bittereinder is saamgestel uit daardie drie betekenisse," sê Jaco van der Merwe.

**Hoe het julle te werk gegaan om hierdie album die lig te laat sien en hoe het julle die regte kunstenaars gekies om mee te werk?**

"Dit het ons twee jaar gevat om die album te maak. Ek (Peach) en Louis het apart gewerk in een studio en Jaco het op sy eie gewerk in 'n ander studio.

"Eers aan die einde van die album het alles bymekaar gekom, toe ons ons almal se produkte bymekaar gebring het. Wat die gaskunstenaars betref – elkeen het sy of haar eie storie en uniekheid wat hulle aan die *song* gee wat duidelik na vore kom.

"In party gevalle het ons die liedjies geskryf met daardie spesifieke persoon in gedagte."

**Hoe voel julle oor die sukses van *Tale of Three Cities*? Wat is jul volgende *single*?**

"Dit is eintlik snaaks – mense het al só baie vir Tumi Molekane gevra waar die liedjie op sy album is.

"Die *song* het meer bekend geraak as Bittereinder self, veral omdat dit die werk van 'n bekende kunstenaar insluit, naamlik Jack Parow.

"Die musiekvideo vir *Tale of Three Cities* (wat Louis gemaak het) was op die MK Top Tien.

"Die volgende *single* is *Almanak* en daarna *Slechte Mensen* met Tim Beumers van Rotterdam."

**Hoe klink die album vir julle?**

(Peach klop aan die CD-kassie). "Só klink dit. Maar die beste beskrywing wat ek al gehoor het daarvan, is dat dit klink soos *rap*, maar dat dit soos Afrikaans voel. Dit som die kern van die album die mooiste op."



**STELLENBOSCH STEEDS NIEMANDSLAND** Koos Kombuis het die Stellenbosse gehoor betower met sy politiese lirieke en sy liefde vir Suid-Afrika. Sy liefde vir veral Stellenbosch was duidelik by sy vertoning op 13 April. Hy was nog nooit skaam om sy eie mening oor Afrikaans te lug nie, en die Aandklas-gehoor het elke passievolle noot ingedrink en geniet. Foto: MICHELLE DUNCAN



• Rejuvenation Packages
• Liquid Face Lift • Migraine
• Laser Face Lift
• Skin Resurfacing
• Ageing Neck • Décolleté • Hands
• Unwanted Veins • Hair
• Cellulite and Body Shaping
• Resistant Fat • Weight Problems
• Stretch Marks • Acne • Acne Scars
• Pigmentation • Sun Spots

• Aesthetic Medical Consultation
• Botox® • Fillers • Mesotherapy
• 3D Skin Rejuvenation™ • Titan
• Pearl® Laser • Pearl Fractional
• Microdermabrasion • Restylane Vital
• Laser Vein and Hair Removal • Sclerotherapy
• Tripollar™ • Velashape™ • 3D Cellulite Solution
• Ultrashape™ • 3D Body Renewal • Slender Wonder
• Carboxytherapy • PDT/LED • Peels • Skin Needling
• Cosmelan • Dermamelan • IPL



Student Special: 10% off all treatments!

skin•body renewal

a non-surgical solution

Tel: 021 887 6617

Die Boord Shopping Centre, Saffraan Street, Die Boord, Stellenbosch.

www.skinrenewal.co.za • www.bodyrenewal.co.za

110545

# redaksioneel



Dis daardie tyd van die jaar. Die bome begin verkleur, die biblioteek raak al voller en die dorp se strate word oorgeneem deur plotseling-atletiese studente wat ten alle koste hul boeke probeer vermy.

Buiten die gewone pre-eksamen-spanning wat in hierdie tyd die meeste voorgraadse studente begin aantas, is daar 'n ander kampuskwaal wat die rondte doen.

Hierdie siekte is 'n bietjie meer selektief ten opsigte van sy slagoffers, maar is tog heel maklik herkenbaar in die "Waarom het ek ooit gedink dit sou 'n goeie idee wees?"-gesigsuitdrukkings van daardie spesie wat ons gerieflikheidshalwe "studenteleiers" noem.

Die meeste studenteleiers is nou in die helfte van hul termyn, en dit is normaal dat 'n groot deel van hul entoesiasme teen hierdie tyd al verdwyn het.

Het dit dalk tyd geword dat iemand wat omgee vir ambisieuse studente sê: "dis okay; jy hoef nie álles te doen nie"?

Niemand sal jou tog kwalik neem as jy nié in jou vier of vyf jaar op Stellenbosch op elke moontlike komitee dien en elke denkbare sosiale euwel die stryd aansê nie.

Dit beteken natuurlik nie dat studente ruggraatlose akademiese masjiene moet wees nie, maar ons is tog geneig om te vergeet dat hierdie mense nie superhelde is of moet wees nie.

Studente doen deur studenteleierskapsposisies waardevolle ondervinding op en leer lank voor hul tydgenote hoe om in "die regte wêreld" met sy soms vervelige projekte, dreigende sperdatums, eindelose administrasie en frustrerende werkplekonderonsies te oorleef.

En nou kan studente nie eers meer na daardie prettige gebeurtenis in Augustus uitsien nie.

Ja, die SR het besluit om die gewilde Soen in die Laan af te stel.

Hierdie besluit het reeds hewige reaksie ontlok, en die sosiale netwerke gons behoorlik van al die ontstoke kommentaar en bespiegelinge oor die "eintlike rede(s)" vir die SR se blykbaar ongewilde besluit. (Het iemand iets oor sameswe-ringsteorieë gesê?)

Miskien is dit tog jammer dat geleenthede soos Soen in die Laan in die slag bly wanneer begrotings en missiestellings in ag geneem word.

Dit voel soms asof studente al hoe vinniger moet oud word om by te hou by die eise wat aan hulle gestel word. Sou dit dus nie 'n goeie idee wees om elke nou-en-dan binne die beskerming van 'n groep iets heeltemal simpels aan te vang nie? (En dit nog sonder om in die USBD se slegte boekies te beland, wat natuurlik 'n gesonde bonus is.)

# BRIEWE LETTERS

## Slegs blanke mans word geteiken

In die berig "Maties op kampus beroof" (*Die Matie*, 06/04/11) word daar melding gemaak van Kobus van Zyl wat op 18 Maart beroof is.

Ek het self op Dinsdag 5 April in Victoriastraat gestap. Dit was 20:00 en daar het 'n swart meisie 'n entjie voor my gestap.

So 'n entjie ná haar het twee kleurling meisies gestap. Toe ek by Wilgenhof verbystap, keer drie jong kleurling mans my voor en vra of ek weet waar Birdstraat is.

Die een het voor my, die ander langs my en die derde een agter my gaan staan.

Ek verduidelik toe vir hulle waar Birdstraat is, maar ek het die eienaardige gevoel gehad hulle wil nie eintlik weet waar Birdstraat is nie, maar dat hulle besig is om my op te *size*.

Ek maak my toe vinnig uit die voete en gelukkig het daar niks gebeur nie. Hulle het natuurlik gesien ek het niks waardevol by my gehad nie.

Dis nogal interessant dat hulle nie die swart meisie of die twee kleurling meisies voor my genader het nie. Ek word spesifiek geteiken omdat ek wit is.

In die artikel meld Kobus van Zyl dat hy nie eers die moeite gedoen het om die voorval by die SAPD aan te meld nie omrede hulle niks doen nie en hulle net 'n saaknommer gee.

Ek is 'n paar jaar vantevore in Pretoria beroof en ek het ook nie die moeite gedoen om die saak by die polisie aan te meld nie, want die meeste polisielede is swart en hulle wys met hul optrede (*or lack thereof*) dat hulle geensins belangstel om blankes behulpsaam te wees nie. Jy mors jou tyd om 'n saak te gaan aanmeld.

Laat drie wit mans nou op kampus rondloop en swart studente beroof, dan moet jy sien hoe vinnig tree die polisie op en hoe skreeu almal blou moord.

Dit sal voorbladnuus in al die koerante wees ("Drie rassistiese wit mans beroof swart studente!"). Net omdat wit studente beroof word sê niemand boe of ba nie.

Ek het 'n paar jaar gelede 'n dokumentêr op televisie gesien waar 'n krimineel reguit gesê het hy meen hy doen niks verkeerd nie, want hy beroof nie swartes nie, hy beroof slegs blanke mans.

Die geweld teenoor blanke mans sal nooit ophou nie, totdat oorsese regerings druk op ons regering plaas om iets aan die situasie te doen nie.

– BLANKE MAN

## Campus culture too exclusive

After following the SASCO/Societies Council/SRC email fiasco, reading the front page of *Die Matie* on 6 April and also working closely with the Student Union Constitution, I think I should comment on the issue.

Firstly, it should be pointed out that the Student Union Constitution does not require that student societies submit a constitution to be reviewed by the Student Court.

I suppose this requirement is from the Societies Council Constitution – a completely separate document subsidiary to the Student Union Constitution.

In law, we often look at the effect of a policy to determine whether it is acceptable or not. The effect of the application of the Societies Council Constitution by the Student Court has now deprived students of a political voice on campus again.

In 2009 SASCO also attempted to register as a society and were denied access to the benefits that registered student societies gain – presumably for the same trivial reasons.

The SASCO constitution as it stands is acceptable to more than 15 other university campuses in South Africa and, as Ngobeni noted, it is unrealistic to expect SASCO to negotiate changes on a national level. Surely if the changes that "need to be made" are "minimal" they should not preclude registration as a society.

While it is necessary to have policy documents that are accurate and enforceable it seems like we are cultivating an excessively and unnecessarily formalistic and exclusive campus culture.

Our Student Constitution embodies the values of participation and freedom of association.

Perhaps the Student Court should examine the Societies Council Constitution to determine whether it is in line with these values rather than blindly applying the rules and excluding important political activity on campus.

– ANONYMOUS

## Wees asseblief redelik

Ek is 'n eerstejaarstudent en ek is geskok deur die aantal boetes wat aan studente op kampus uitgeskryf word.

Ek was laat vir 'n semestertoets en ek moes op die sypaadjie parkeer. Ek het gedink dit was 'n goeie idee, omdat ander karre ook daar geparkeer het.

Toe ek by my kar kom ná my toets het ek twee boetes binne twee ure gekry. Die ander karre het nie boetes gekry nie.

Ek is geregistreer by die USBD en ek het 'n GP-nommerplaat. Hoekom kry ek twee boetes vir dieselfde oortreding en hoekom moet ek altwee betaal?


By die polisiestasie loop nog 'n student met 'n soortgelyke probleem in. Hy parkeer reeds vier jaar op dieselfde plek, maar hy was daardie dag die enigste kar wat 'n kaartjie gekry het.

Daar is nie parkering op kampus nie. Kan hulle nie maar redelik wees nie?

– TANYA JONES

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

*Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.*



**STAY CLEAR!** Stellenbosch University is planning to buy 500 new bicycles to create a culture of cycling on campus. This comes at the same time as the SRC's decision to cancel Soen in die Laan. Coincidence?


**HOOFREDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR** Marietjie Vos (redakteur@diematie.sun.ac.za) **ADJUNKREDAKTEURS** Anika Marais (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za), Thea Visser (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Vakant (nuus@diematie.sun.ac.za) **AKTUEEL** Zanie Maree (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Marinette Potgieter (dn@diematie.sun.ac.za) **STUDENTELEWE** Martmarie Knoetze (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Elri Nieuwenhuis (sport@diematie.sun.ac.za) **TEKS** Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Michelle Duncan (foto@diematie.sun.ac.za) **ADVERTENSIES** Tara Brache (ads@diematie.sun.ac.za) **REKENAAR** Gerrit Maritz (it@diematie.sun.ac.za)

**MEDEWERKERS**

**KWYTRAAK** Jo Wessels (inhoud@diematie.sun.ac.za) **CARBON COPY** Ryan Hartley (inhoud@diematie.sun.ac.za) **KLIP IN DIE BOS** Pieter Odendaal (inhoud@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Neeske Alexander (inhoud@diematie.sun.ac.za) **ADDISIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu


**STEL JY BELANG?**

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste verdieping van die Neelsie.



**TEL** 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
**WEBADRES** www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
**VOLGENDE UITGAWE** 11 Mei 2011 **SPERDATUM** 4 Mei 2011
**ADVERTENSIES** 073 288 9931


**KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING**

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press Council



## Apocalypse and the Municipal Elections

CARBON COPY

According to reliable portions of the Internet, the world will end on the 21st of May 2011. That means that this is the final edition of Carbon Copy. Well, to be completely accurate, the 21st of May is when all the faithful will be taken up into heaven; the actual fire and brimstone, apocalypse of the world arrives five months later on the 21st of October, but as I plan to be numbered among that first group it amounts to pretty much the same thing: no more Carbon Copys for all you heathens left on Earth.

Now it is possible given the history of these sorts of events that the prophesied culmination of the material world will not in fact occur. Case in point, in March 1982 two respected astronomers wrote *The Jupiter Effect* detailing how an upcoming alignment of all nine planets (yes, nine planets, you plutophobes) would lead to earthquakes, tsunamis and general unpleasantness. What actually happened was an unusually high tide – 0.04 millimetres higher than normal. This was a pretty humorous occurance to all the other respected astronomers who would continue to make fun of the doomsayer pair whenever they got together for respected astronomer movie nights or weekend camping trips. What makes me slightly nervous is that this time round we've already been exposed to earthquakes, tsunamis and general unpleasantness. An additional apocalyptic event doesn't seem such a stretch.

In light of this grim outlook, I thought it might be appropriate to share some final wise words accumulated from my years of writing. Unfortunately, after nearly four years of writing for *Die Matie*, I haven't learnt that much. I've never even been inside *Die Matie*'s office. Couldn't even tell you where it is. What I have learnt is that the ubiquity of spell-checking software has rendered me incapable of spelling above an eighth grade level. I've learnt that writing a fortnightly column for a freely distributed campus newspaper will not net you a large and adoring fanbase. I've learnt that if you're looking for hope in this amazing Rainbow Nation you shouldn't read the comment section of News24. And I've learnt that Julius Malema can always be relied upon to say something comment-worthy. Segue!

In anticipation of the upcoming Municipal Elections, members of the ANC have started making spectacular claims as to the power inherent in voting for them. In addition to JZ's now notorious claim that voting for the ANC will get you into heaven, Julius Malema has claimed that a vote for the ruling party will be a vote to keep Nelson Mandela alive. "President Mandela will never endure if the ANC is out of power" were his exact words. Casting your magical vote for the ANC will provide our beloved but aging hero with the strength he needs to continue living.

I find this somewhat insulting, the reduction of a global hero to a political bargaining chip, placing him in the same class as Tinkerbell from Peter Pan. Clap your hands if you believe in the Freedom Charter. Of course, the corollary to this is perhaps even more shocking. Those students on campus trying to get you to vote for the DA? What they're really trying to do is kill Nelson Mandela. They want nothing more than for the 92 year-old Madiba to be crushed by the defeat of his party and to end his life in misery right there and then. What a sickeningly evil plan. You have my blessing to tell them how much you are disgusted by this plot the next time they try to force you to sign up.

According to Julius only a vote for the ANC can sustain this icon. But why stop there? If the ANC can assure their voters expiation of sin and a place in heaven, if they can give life to a brittle husk clinging to life, then what's to say that given enough politcal strength the ANC might not be able to turn away the very collapse of the world. The Municipal Elections are on the 18th of May, three days before the prophesied end of the world. If they're our only hope of surviving Armageddon, do you really want to risk not voting for them?



## Om oor selle te huil

KLIP IN DIE BOS

Ek het op 'n Vrydagmiddag twee maande gelede my eerste sitologie-praktikum gehad.

Ek het saam met die res van die eerstejaar-biologiestudente 'n ligmikroskoop en 'n deursnit van 'n sonneblomstingel so groot soos 'n eensent gekry.

Ek het die ligbron aangeskakel en gesukkel om die beeld gefokus te kry.

Skielik het die selle duidelik soos 'n deurskynende klipmuur teenmekaar gelê. Die xileem was in groterwordende sirkels om die middelpunt van die stingel gerangskik en die selkerne was klein pupille.

Vir my elfde verjaarsdag het my ouers vir my 'n beginner-mikroskoop gekoop.

Hy lê vandag iewers tussen ou tasse, musiekpartituur en laerskoolliefdesbriewe.

Daardie eerste vier weke ná my verjaarsdag het ek alles van bloed en hondhare tot pietersielie en suikerkristalle bestudeer asof ek Antoni van Leeuwenhoek self was.

(Dit moes darem wonderlik gewees het om die eerste mens te wees om eensellige organismes te sien.)

My eerste mikroskoop het nie 'n ingeboude ligbron gehad nie, so ek moes self die spieëltjie verstel om sonlig te konsentreer.

Op hoërskool het ons nie die tyd of die geld gehad om die meeste van die biologie-eksperimente in die klas uit te voer nie.

> **Ek glimlag outomaties as ek dink aan die *nooks* en *crannies* van die menslike lyf wat ek in die volgende paar jaar gaan ontdek**

Ek onthou vaagweg dat ek iewers in graad 8 of 9 na ui-selle gekyk het, maar selfs met die uie en al het ek nie 'n enkele traan gepik nie.

Ek het ook nog nooit die voorreg gehad om 'n padda of muis te dissekteer of aan beesharte te peuter nie. *But all in good time.*

Ek het daardie Vrydagmiddag twee maande gelede onverklaarbaar emosioneel geraak toe ek uit die laboratorium die sonlig in stap.

Die bome was chloroplastgroen en ek het onthou dat ek iewers gelees het dat daar meer neuronselle in die menslike brein is as wat daar sterre in die uitdyende melkweg is.

(Miskien is nuwe idees soos sterre wat onploffend geboorte aan hulself skenk.)

Ek het besef dat ek met elke tree velepiteelselle soos ligte sneeu om my laat val en dat my mitochondrions sarsies skote afvuur om my bene aan die beweeg te hou.

Ek weet ek was sommer simpel gewees, maar ek kon dit nie help nie. Kyk, ek het nou nie gehuil asof my ouma dood is nie, maar my oë was ordentlik nat. Dit het my heeltemal onkant gevang.

Later, toe ek bietjie bedaar het, het ek geweet dat ek besluit het om biologie te swot nié omdat ek mammoete wil kloon of 'n kuur vir Alzheimer's wil ontdek nie (alhoewel ek nou nie protes gaan aanteken as so iets sou gebeur nie), maar dat my motivering esteties van aard was.

Ek glimlag outomaties as ek dink aan die *nooks* en *crannies* van die menslike lyf wat ek in die volgende paar jaar gaan ontdek.

Ek sal maar geldjies opsy moet begin sit vir 'n ordentlike mikroskoop.

# GORRELKOP

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

### WANT JY SOEN MY NIE MEER NIE

GORREL borrel oor van die liefde. *But these lips are sealed!* Gorrel is hartseer om te verneem dat die SR Maties se liefdeslewe nie op die hart dra nie: Soen in die Laan het gekalf.

Gorrel kan nie uitvind of dit afgestel is as gevolg van ongewensde siektes of net die geleentheid se algehele *lameness* nie.

*– Gorrel het egter 'n ander teorie. Dalk is dit omdat die SR se broekies bewe ná verlede jaar se kusfoto op die voorblad van hierdie gerespekteerde studente-joernaal.*

*Gorrel kan dit goed verstaan. Die SR – ons bewaarders van studente-moraliteit – was seker bang dié geleentheid ontaard in 'n opelug-orgie.*

### DIE AREND SPREI SY VLERKE

GORREL verneem 'n sekere manskoshuis op die hoek van Merrimanlaan dreig nou om Wilgenhof se voorbeeld te volg en vir Jool die vinger te gee.

Dit kom ná die onlangse bitter pil wat hulle moes sluk toe 'n PSO hulle van blikskud aangekla het. Ja, mede-Maties, blikskud is blykbaar nou 'n blerrie bliksem.

*– Gorrel wil egter duiwelsadvokaat speel. Is dit slegs 'n publisiteitsfoefie of is die manne se ego's regtig geknak? In ieder geval kry Gorrel hulle jammer. Gaan hulle nou hul tonnel na die biblioteek uitverhuur vir sente vir arm studente of gaan hulle net laataand kaal om vure dans?*

### ADONIS SOEK SY VENUS

GORREL is verbaas oor die reaksie van 'n sekere SR-lid (kom Gorrel noem hom sommer net die Adonis) op 'n kampus-*quote* in die vorige uitgawe van hierdie koerant.

Dié kampus-sêding het Adonis aan die bloos gehad en hy is nou verwoed op soek na die lippe wat daardie woorde geuiter het.

*– Gorrel weet wie se lippe dit was, maar Gorrel se lippe sal styf geseël bly.*

*As dié Adonis werklik wil weet wie sy prinses is, moet hy vir die Matie-redaksie 'n ontkleedansie kom doen. Dit kan net pret wees. Gratis toegang. Gorrel belowe daar sal 'n webcam wees.*

## kampusquotes

**I don't attempt-to-kiss and tell.**
– Student refuses to spill the beans on a (less successful) night out

**It's ugly as sh*t. It sort of makes you wish that they'd accidentally burn *that* building down. Wait! I didn't say that! Don't quote me!**
– Lecturer voicing his politically incorrect views on the BA building

**Kan jy my skoene vir my vasmaak?**
– The only English student at NuBar's Afrikaans night, singing along to Fokofpolisiekar

**Jou geliefde mag dalk uit vlees en bloed bestaan, maar myne het silikon.**
– Ingenieurstudent spog met sy elektroniese projek

**Kom ons verveel net vier mense en nie nóg nie.**
– Dosent terwyl sy voor die begin van 'n seminaar die klaskamerdeur toemaak

**– Man, wat's daai ander komitee-ding waarop jy is?**
**– Die SR...?**
– Student toon belangstelling in haar huismaat se doen en late

**Eendag as ek groot is, sal ek die woord "volwassenes" gebruik.**
– Dosent vra om verskoning vir haar gebruik van die woord "grootmense"

**Slegs twee dinge in die lewe walg my: blomkool, en eerstejaars wat *printers* en hysbakke misbruik omdat hulle "te moeg" is.**
– Gefrustreerde honneurstudent op die BJ se sesde verdieping deel sy gevoelens

*Stuur jou KampusQuotes na redakteur@diematie.sun.ac.za*

NuBar Quote van die week

**Is Neil Diamond daai ou wat al Steve Hofmeyr se liedjies sing?**
– Student probeer feite agtermekaar kry

www.nubar.co.za



# 'N GESPREK MET MERKWAARDIGE MURRAY

DEUR: JO WESSELS
FOTO'S: NASIEF MANIE, FOTO24
GRAFIKA: NB-UITGEWERS






Vir iemand met so 'n prominente stem, praat hy verrassend sag. Maar Murray La Vita wil juis nie hê sy stem moet in die voorgrond wees nie. Tog is die doel van my besoek om aandag te vestig op die stem van een van ons land se voorste onderhoudvoerders en dit op 'n manier neer te pen.

'n Moeilike taak, veral vir 'n amateur joernalis van 'n studentepublikasie wat die imposante ivoortoring van die Naspersgebou, betree – die fort van die Afrikaanse media.

Dit is hier waar Murray sedert 2006 sy *Oop Kaarte*-profielonderhoude skryf. (*Die Burger* se weergawe van *Kwytraak*, sou 'n mens kon sê.) Ek bieg, om 'n onderhoud te voer met my professionele eweknie is 'n uiters angswekkende opdrag.

Ons ontmoet mekaar by die kafeteria op die grondvloer waar ons twee koffies bestel (om weg te neem). Murray groet die baristas op die naam en vra eers uit oor hul welvaart voordat ons met die hyser opstyg na die sesde verdieping – die hart van *Die Burger* se operasies. Dit wriemel van die aktiwiteit. Ek sien vir Bun Booyens tussen rye rekenaars waar hy ernstig met joernaliste gesels.

In 'n leë kantoor met die deur toegemaak heers daar 'n skielike stilte. Die rumoer van die joernaliste is nie te hore nie en die onrustige suidooster van buite betree ook nie die ruimte nie.

Dis in hierdie merkwaardige stilte waar ek effens verbluf word deur Murray se sagte hipnotiese stem. Dink 'n mens aan ander bekende onderhoudvoerders soos Debora Patta, Ruda Landman en Freek Robinson, dink 'n mens dalk aan 'n vurige styl van mense vasvra. Maar Murray se praatstem is sag en rustig. Hy kom geensins uitdagend oor nie. Tog skryf hy die treffendste onderhoude – met mense soos Helen Suzman, Desmond Tutu, Van Zyl Slabbert en Breyten Breytenbach.

Ons gesprek begin met 'n vraag oor sy agtergrond. Murray het in Johannesburg grootgeword. Hy't aan die Monument Hoërskool op Krugersdorp skoolgegaan. Ná sy diensplig het hy op Stellenbosch voorgraads Filosofie en Sosiologie gestudeer, en Joernalistiek het gevolg. Hy werk eers by *Die Transvaler* in Pretoria as misdaadverslaggewer en militêre korrespondent, en later as nuusredakteur en nagredakteur. Later is hy die Johannesburgse redakteur van *Personality*-tydskrif en *Keur*, waarna hy by *Beeld* as kunsredakteur doenig was. In 2003 keer hy terug Kaap toe as inhoudsredakteur vir *Die Burger*. Vandag is hy stellig gesê een van hul grootste bates as profielskrywer.

Dit val my later by dat hy ietwat *nonchalant* en saaklik oor sy agtergrond praat. Hy brei nie juis oor sy ervaringe uit nie, behalwe om te sê dat Elize Botha en FW de Klerk ook alumni van Monument Hoërskool is (en dat hy en FW dieselfde Latynonderwyser had). Hierdie onthulling dui op 'n passie vir die lewens en verhale van ander.

## WEERLOOSHEID IS VIR MY GEWELDIG INTERESSANT

Sy redevoering verander dan soos hy begin praat oor sy werk as profielskrywer. Hy praat stadig, afgemeet, deurdag. Asof hy versigtig en verteenwoordigend van ander praat. Later sê hy bevestigend: "Ek is eintlik 'n introvert. Ek glo 'n joernalis moet op die agtergrond wees."

Oor *Oop Kaarte* noem dat hy dat hy sy skryfwerk nie soseer as profiele beskou nie, maar eerder as portrette. "Dis maar 'n indruk van 'n oomblik," sê hy. "Ek hou van die woord 'evokasie'. Ek stel nie noodwendig 'n hele profiel van iemand saam nie."

Sy gebruik van die woord "portrette" roep in my geestesoog die beeld van 'n skilder op. Dit word helderder soos hy sy belangstellings deel: Hy't 'n voorliefde vir die beeldende kuns en 'n ontluikende passie vir fotografie. "Kuns is 'n bron van groot vreugde en vervulling."

Ek hoor ook van sy kunstige hoedanigheid toe hy sy eie besigheid gehad het, The Swank Lounge, wat avant-garde meubelstukke ontwerp het (en parafernalia soos opblaas-vampierpoppe verkoop het).

"Ek hou van die ongewone en asimmetriese. Die omineuse en die skadukant van goed fassineer my."

Dis ook iets waarvoor hy veral uitkyk en waarneem as hy gaan stap – nog 'n gunsteling-tydverdryf. Hy vertel byvoorbeeld van sy tuin by sy tuiste in Woodstock waar hy snags die bewegings van geitjies en slakke dophou.

"Ek vind slakke baie interessant – pragtig ontwerpte wesens wat met minagting behandel word, ongelukkig."

Dit is hierdie besonderse waarnemingsvermoë wat ook in sy onderhoude na vore kom en op 'n subtiele wyse die menslikheid van sy ondervraagdes uitwys. En soos met die slak val die klem op weerloosheid.

"Weerloosheid is vir my geweldig interessant. Dit is vir my baie aantreklik om dit in mense aan te tref."

Oor die vraag of sy stem in sy werk te bespeur is, sê hy: "Ek dink my stem is aanwesig as 'n toon – een van onderbeklemtoning."

'n Reklameteks oor sy boek sê juis dat hy met sy unieke styl "terugstaan en die onderwerp die spasie gun om na vore te kom". En dit is hiermee dat hy dikwels 'n dieper weerloosheid en menslikheid in bekendes (soms magtige figure) ontgin wat min ander onderhoudvoerders kan doen. Murray beskryf dit ook nie as "'n bewuste krap, torring en druk uitoefen om goed te ontbloot nie. Dis subtiel en delikaat." Dis vir hom belangrik om mense se waardigheid te eerbiedig.

Weereens dink ek aan 'n skilder met sy eenvoudige *chiaroscuro*-tegniek, waar lig en donker emosionele tekstuur aan 'n stuk gee.

Vandeesmaand het 'n samestelling van 42 van sy onderhoude in boekvorm verskyn: *Gesprekke met Merkwaardige Mense*.

"Ek wou hê daardie mense se stemme moet bestendig word, verby die vlietendheid van 'n koerant. Dis inderdaad merkwaardige mense."

Ek vra hom of daar uitdagings was met die samestelling van die boek. Ja, beaam hy. Dit was moeilik in die sin dat daar ongelukkig mense uitgelaat moes word. "Dit was ook baie moeilik dat die uitgewers daarop aangedring het dat daar 'n foto van my op die omslag moet wees."

Hy veduidelik die dilemma en paradoks. "In die onderhoude probeer ek só hard om uit die pad te bly en nie my eie indrukke op 'n overte manier deel te maak van die stuk nie. Dan word dit weerspreek met 'n groot foto van my op die omslag."

Hy sê hy het 'n rustigheid oor die boek en dat dit nie nodig is om oormatige aandag daarop te vestig nie.

Benewens sy profielonderhoude skryf hy vir die *Van Alle Kante*-rubriek. "Ek is nie iemand wat rubrieke skryf oor *issues* nie." En hy verduidelik dat hy nie juis daarvan hou om waarde-oordele te vel nie. "Ek voel te ongemaklik om dit te doen. Dalk het ek nie genoeg selfvertroue nie."

Nee, hy skryf eerder oor gedagtes wat begin met 'n "vonk-ervaring", waaraan hy dan uitbou met assosiasies. Sy gebruik van interteks in hierdie rubriek spreek van baie 'n ruim kennis. Waar kom dit vandaan?

"Ek lees baie. Ek lees elke dag. Ek kyk glad nie televisie nie." (Hy besit wel 'n televisiestel, maar gebruik dit slegs om films te kyk.)

Murray vat aan sy skouerlengte swart hare. Dit val my later by – hy lyk baie soos Albrecht Dürer, 'n Duitse skilder uit die Renaissance.

As hy met homself 'n onderhoud moes voer, wat sou hy vra?

"Perish the thought!" sug hy. Ná 'n lang stilte, sê hy hy sou belangstel in wat hy tans lees.

En beantwoord dan natuurlik self die vraag – 'n boek van Robert Walser wat hy onlangs aangeskaf het. "Vreemde pragtige prosa!" Hy vertel beskrywend van die boek se goeie ontwerp. "Ek is 'n esteet – ek hou van mooi dinge," sê hy, en voeg saggies by: "Dalk is ek soms in my najaag van skoonheid 'n bietjie oppervlakkig."

Tog nie. Die beeld van 'n skilder wat met woorde die mooiste portrette van mense verf, bly my by.